Inheemse droogtebestande (waterwyse) plante

Nie alle inheemse plante is goeie opsies om gedurende die droogte in jou tuin te groei nie. Wanneer jy in 'n gebied woon wat 'n ernstige tekort aan water het, is dit belangrik om die verskil te ken. Ons almal weet wat om in die huis te doen om watergebruik te verminder, maar as dit kom by ons tuine en wat om te plant, is die meeste van ons soms ’n bietjie onseker. Met inheemse plante kan jy egter ’n pragtige plaaslike tuin skep.

Wat is inheemse plante?

Inheemse plante is enige plante wat natuurlik op ’n bepaalde plek ontstaan, of voorkom. Inheemse plante verg gewoonlik minder instandhouding as eksotiese plante, aangesien hulle gemaklik voel in hul natuurlike omgewing.

Voordele van inheemse plante:

- Kan hulself handhaaf in arm grond
- Vereis minder of min water
- Lok inheemse voëls en wilde lewe
- Is dikwels medisinaal
- Skep ’n belangrike habitat vir natuurlike fauna

Terwyl die meeste inheemse plante minder water benodig, word hul natuurlike habitat direk geraak deur die droogte. In hierdie geval is ’n bietjie ekstra water nodig.

Wat is droogte verdraagsame (waterwyse) plante?

Droogte verdraagsame plante het nie veel water nodig nie en kan eintlik in lae of geen watertoestande floreer. Plante wat in droër toestande aard, kan geïdentifiseer word deur wasagtige, sappige, harige of taai eienskappe.

Kies enige van hierdie droogtebestande plantsoorte, wat ook inheems voorkom, vir ’n trotse plaaslike en waterbesparende tuin (sien foto’s op volgende bladsy):

- Bloulelie (*Agapanthus*)
- Malva (*Geranium sanguineum*)
- Gousblom (*Arctotis stoechadifolia*)
- Bosviooltjie (*Barleria obtusa*)
- Rooi brakvygie (*Aptenia cordifolia*)
- Wilde dagga (*Leonotis leonurus*)
- Kaapse kanferoelie (*Cape Honeysuckle - Tecoma capensis*)
- Ertjiebos (*Butterfly bush - Polygala fruiticosa*)
- Botterblom (*Gazania rigens*)
- Wilde knoffel (*Wild garlic - tulbaghia violacea*)
- Bitter aalwyn (*Aloe ferox*)
- Kraanvoëlblom (*Strelitzia reginae*)

Bloulelie (Agapanthus)

Botterblom (Gazania rigens)

Malva (Geranium sanguineum)

Wilde knoffel (Tulbaghia violacea)

Gousblom (Arctotis stoechadiflia)

Bitter aalwyn (Aloe ferox)

Kaapse kanferoelie (Cape honeysuckle)

Kraanvoëlblom (Strelitzia reginae)

Ertjiebos (Butterfly bush)

(Erkenning: Artikel deur Elandré Swart vir Rooi Rose - 27 Maart 2018)